# SUID-AFRIKA SE POLITIEKE EN EKONOMIESE GESKIEDENIS IN DIE 20STE EEU

## INHOUDSOPGAWE


1. Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis as 'n onverkwiklike proses van groepsbotsings 1
2. 'n Indeling van Suid-Afrika se Ekonomiese en Politieke Geskiedenis in die 20ste eeu 2
3. Die ontstaan van die Stelsels van Blanke Politieke Oorheersing, Rasse Kapitalisme en die Ideologie van Blanke Meerderwaardigheid en Swart Minderwaardigheid 6
4. Die hoogty van Blanke Oorheersing en Rasse Kapitalisme 8
   - 4.1 'n Nouer Simbiose tussen die (blankbeheerde) Staat en (Engelse) Kapitaal (1934-48) 8
   - 4.2 Die opwelling van Afrikaner nasionalisme en apartheid (1948-1972) 9
5. Die krisis van Blanke Oorheersing, Stagflasie en die intensifisering van die Struggle (1973-1990) 11
6. Die invloed wat Rasse Kapitalisme en die Struggle op die ongelyke verdeling van inkome 13
7. Die interafhanklikheid tussen Stabiliteit, Billikheid, Ekonomiese Groei en Internasionale Vertroue 16
8. 'n Nuwe Simbiose tussen die (Swartbeheerde) Staat en die (Witbeheerde) ekonomie ontbreek 18
   - (a) Die ANC en die Burokrasie 19
   - (b) Die ANC en die Sakesektor 19
   - (c) Die ANC en die Media 20
   - (d) Die ANC en die (hoofsaaklik blanke) Professionele organisasies 20
   - (e) Die ANC en die Swartvakbondbeweging 21




# SUID-AFRIKA SE POLITIEKE EN EKONOMIESE GESKIEDENIS IN DIE 20STE EEU[1]

## 1. DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS AS 'N ONVERKWIKLIKE PROSES VAN GROEPBOTSINGS

Die uitstaande kenmerk van Suid-Afrika se sosiale geskiedenis sedert 1652, is die voortslepende groepselfsug en groepbotsings. Die verskillende groepe (etniese, kleur en taalgroepe) het herhaaldelik hulle eie sosiaal-ekonomiese posisie probeer verbeter deur ander groepe se grond of eiendom te plunder. Hierdie plundery het kumulatief geëskaleer want die plundery het telkens weerwraak uitgelok. Vanweë hierdie chroniese plundery het herhaalde storms steeds van die Kaap 'n Kaap van Storms gemaak.

'n Eerste klein plunder-oorlog tussen Van Riebeeck se Duismans en die Khoikhoi of Kaapmans het in 1659 plaas gevind. Harrie die Strandloper (ofte wel Autshumao van die Goringhaikonas-stam) is ná die oorlog as politieke gevangene na Robbeneiland verban! In April 1660 is hy teruggebring vir vredesonderhandelinge. Ná van Riebeeck aan Autshumao gesê het dat daar nie genoeg weiveld vir al die Hottentotte en die nedersetters se vee was nie, het Autshumao gevra: "As die land te klein is, wie het die meeste reg daarop, die regte eienaar of die vreemde indringer". Van Riebeeck het sy antwoord in die volgende woorde in sy dagboek opgeteken: "Ons dan haer lant, deur diffencive oorlog rechtvaerdigh als met 't swaert gewonnen, toegevallen, ende 't welck wij ook voornemens waeren te behouden, te behouden, te behouden".[2]

Die belangrikheid van hierdie (ideologiese) argument waarmee van Riebeeck sy buit verdedig het, moet nie gering geskat word nie. Gedurende die 17de eeu was die Merkantilistiese wedywering tussen die jong nasiestate in Europa in volle swang. Die heersende ortodoksie was toe dat 'n land net kon ryk word as hy 'n groter invloei van staafgoud ondervind én oor beter handelsroetes en 'n groter handelsvloot as die ander lande beskik ter wille van die plundering van kolonies en van ander lande. Die V.O.C. en Nederland het in die eerste helfte van die 17de eeu ryk geword, danksy die geleenthede wat die tagtigjarige oorlog aan hulle gebied het vir "Wins op 't Vyand"!

Gedurende die Nederlandse tydvak van ons geskiedenis (1652 - 1795) het die (vermeende) geoorloofdheid van plundery - as 'n metode om ryk te word - so diep ingegraveer gebly in die gemoed van die Duismans (later die Trekboere en nog later die Afrikaners), dat ideologiese oorblyfsels daarvan nog steeds waaneembaar is by nasate van die Duismans!

Ná die Verligting, die Franse Revolusie en die Napoleontiese oorloë het die Merkantilisme in Europa (in veral die eerste 70 jaar van die 19de eeu) plek gemaak vir die idees van internasionale vryhandel tussen die nasionale state wat tot die gemeenskaplike voordeel van die deelnemende nasionale state sou strek. Ná die Franse Revolusie het verskeie Westerse lande parlementêre regerings verkry wat hulle met nasiebou besig gehou het en wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle regeer om die algemene belang - die nasionale belang, die gemeenskaplike belang - van al die inwoners van die nasionale staat te bevorder. Vanweë Suid-Afrika se isolasie op die periferie van die destydse wêreld, het die idees van die Verligting en die Franse Revolusie by die vegtende en nomadiese Trekboere verbygegaan. Gevolglik het die idee van "wins op't vyand" die heersende ortodoksie gebly.

---

[1] Notas opgestel deur SJ Terreblanche vir voorlesings aan die Universiteit van Stellenbosch. Kopiereg voorbehou.
[2] Leipold, C Louis, *Jan van Riebeeck*, Naspers, 1938.

Die geskiedenis van 1652 tot 1910 staan beslis in die teken van groepselfsug, groepbotsings, groepplundery en groepsoorloë. Aanvanklik het die plunderoorloë tussen die Duismans en die Khoisan en tussen die Trekboere en die Xhosas gewoed. Op hierdie tydstip was groepplundery ook tussen die noordelike Swart stamme in volle swang. Later was die stryd tussen die Voortrekkers en die Zulus, die Suid-Sothos en ander noordelike stamme. Die uiteindelike veroweraar in hierdie oorloë was die Britse koloniale owerhede. Bloedige oorloë is deur die Britte in Oos-Kaapland en Natal geveg om die weerstand van die Xhosas en die Zulus te breek. Tydens die Anglo-Boere-oorlog het Brittanje hom die onguns van die wêreld op die hals gehaal in die wrede oorlog wat geveg moes word voordat die weerstand van die twee Boere-republieke gebreek is.

Ná Uniewording het die openlike oorloë tussen die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe plek gemaak vir 'n andersoortige magstryd binne die raamwerk van 'n (wettige) grondwetlike bestel. Die aard van die politieke struktuur was egter sodanig dat die groepsplundery nie beëindig is nie. Inteendeel. Dit het in vele opsigte vererger en meer subtiele vorme aangeneem binne die strukture van blanke politieke oorheersing en rasse kapitalisme - waarvan die legitimiteit mettertyd ernstig in die gedrang gekom het.

## 2. 'N INDELING VAN SUID-AFRIKA SE EKONOMIESE EN POLITIEKE GESKIEDENIS IN DIE 20STE EEU

Die dag wat President Nelson Mandela uit die gevangenis vrygelaat is, het hy in sy toespraak op die Parade gesê:

> "The White monopoly of political power must be ended and we need a fundamental restructuring of our political and economic systems [plural] to address the inequality of apartheid and to create a genuine democratic South Africa".

Die belangrikheid van hierdie stelling kan nie maklik oorbeklemtoon word nie. In 'n historiese ontleding soos hierdie, is dit seker gepas om te vra wanneer en onder welke omstandighede die stelsel van blanke oorheersing tot stand gekom het. Ons sou kon vra wanneer die politieke en ekonomiese stelsels wat in 1990 'n fundamentele herstrukturering benodig het, hulle beslag (strukturering) gekry het. Ons sou kon argumenteer dat dit aan die begin van die eeu gebeur het toe die Unie van Suid-Afrika deur 'n wet van die Britse Parlement tot stand gekom het as 'n politieke en ekonomiese bestel waarin die blankes duidelik verskansde posisies van mag en bevoorregting verkry het.

Indien ons die model van periodieke powershifts[3] op die Suid-Afrikaanse geskiedenis "pas", dan sou ons 'n sterk saak kan uitmaak dat Suid-Afrika nog net twee powershifts ervaar het en dat die tweede een nog onvoltooid is. 'n Eerste powershift het van sê 1890/1900 tot 1924/1933 plaasgevind toe die verskillende (onderling vegtende) bevolkingsgroepe aan Britse imperiale gesag onderwerp is, 'n eenheidstaat op Britse inisiatief gevorm is en 'n geïntegreerde ekonomie tot stand gebring is onder leiding van die (plaaslike) Engelse Establishment (waarvan die Kamer van Mynwese die kern gevorm het). Dit sou miskien meer korrek wees om hierdie eerste powershift eerder as 'n powerconsolidation (een woord) te beskryf. (Sien Skema 1).

---

[3] Sien Terreblanche, SJ., 'n Geskiedenis van Opeenvolgende Ekonomiese Stelsels. Hoofstuk 1-3.



Terwyl die eerste powershift die stelsels van blanke politieke dominasie, rasse kapitalisme en segregasie gevestig het, het 'n tweede powershift in 1974 'n aanvang geneem om die blanke politieke dominasie te beëindig en die stelsels van rasse kapitalisme en apartheid, met 'n (hopelik standhoudende) stelsel van demokratiese kapitalisme te vervang. Hierdie tweede powershift is nog lank nie afgeloop nie en sal dit seker eers teen 2005 of 2010 voltooi wees. Die nuwe magskartel - soos dit saamgestel sal wees uit 'n kompak tussen 'n (nuwe) politieke, 'n (aangepasde) ekonomiese en 'n (nuwe) ideologiese elite - sal waarskynlik eers oor 10 of 15 jaar so goed gevestig wees dat ons dan eers in die ware sin van die woord van 'n nuwe bedeling sal kan praat.

Ons kan Suid-Afrika se geskiedenis van die 20ste eeu, vir ons doeleindes, in drie tydperke indeel:

1. Eerstens, die eerste 1/3 van die eeu (1900-1933) toe sowel die stelsel van *Blanke Politieke Oorheersing* as die stelsel van *Rasse Kapitalisme* tot stand gekom en 'n noue "verbond" of *Simbiose* tussen 'n (Afrikaner-beheerde) Staat en (Britse) Kapitaal gesmee is om omstandighede te skep wat bevorderlik vir *Akkumulasie* en *Legitimasie* moes wees[4]. In hierdie tydperk is Swartes doelbewus *geproletariseer* en aan allerhande vorme van *strukturele* ontneming, onderdrukking, verontregting en verarming onderwerp ter wille van winsgewende goudontginning en winsgewende mielieboerdery. Hierdie periode verteenwoordig die "powerconsolidation" van Blanke Oorheersing.

2. Tweedens, die daaropvolgende 40 jaar (1934-1974), toe hierdie Simbiose tussen die (Afrikaner) Staat en die (Engelse) Kapitaal nog nouer gesmee is en die stelsel van blanke oorheersing sy hoogty beleef het. Dit was 'n tyd van groot ekonomiese voorspoed. 'n Jaarlikse gemiddelde groeikoers van 4,5 persent is in hierdie tyd gehandhaaf. Die vorme van strukturele "onreg" wat in die eerste 1/3 van die eeu hulle beslag gekry het, is in hierdie tyd gehandhaaf en in vele opsigte "versterk" en "vervolmaak" om geleenthede vir addisionele akkumulasie aan blanke entrepreneurs te bied. Hierdie periode verteenwoordig die hoogty van Blanke Oorheersing. Die anderkant van die munt is dat dit ook die tydperk is waar Swart ontneming, onderdrukkery en eksploitasie op hulle ergste was.

3. Derdens, die volgende 20 jaar (1974-1994) toe sowel die stelsels van Blanke Oorheersing en Rasse Kapitalisme as die Simbiotiese verhouding tussen Staat en Kapitaal in 'n *oorlewingskrisis* beland het wat uiteindelik tot 'n dramatiese implosie van die stelsel van Blanke Oorheersing gelei het. Alhoewel sommige vorme van strukturele onreg in hierdie tydperk uit die weg geruim is, het die Blanke Hegemoniese Orde hom in sy oorlewingsstryd met metodes en optredes bedien wat op ander vorme van "strukturele onreg" neergekom het, terwyl "strukturele korrupsie" in die blanke bestel se "sterwensure" 'n belangrike bestanddeel van hierdie bestel geword het. Dit was 'n tydperk van lae ekonomiese groei en kruipende armoede, en, gegewe die magstrukture, is 'n groot deel van die addisionele "armoede" op die onderste 60 persent van die Swartmense - en veral op diegene wat in die Tuislande woonagtig was - "afgewentel". Hierdie periode verteenwoordig die begin van die "powershift" van Blanke Oorheersing en Rasse Kapitalisme na 'n stelsel van (Swart-beheerde) Demokrasie en (Blank-beheerde) Kapitalisme wat hopelik sal ontwikkel tot 'n stabiele stelsel van Demokratiese Kapitalisme.

Barrington Moore het in 1966 in 'n baanbrekerswerk aangetoon dat bykans alle lande in die vroeë fase van industrialisasie 'n *reservoir* van goedkoop arbeid nodig het. Meesal kan so 'n reservoir van goedkoop arbeid net geskep word deur 'n deel van die landvolk op 'n gedwonge manier te proletariseer. Hy noem dit 'n "labour

---

[4] Die woord "simbiose" beteken 'n onderling voordelige verhouding tussen twee organismes (of instellings) wat verskillend is. Die woord "simbiose" is oorspronklik gebruik vir twee organisme wat op mekaar teer vir hulle oorlewing. 'n Simbiotiese verhouding tussen Staat en Kapitaal verwys na 'n stand van sake waar die Staat nie sonder Kapitaal kan bestaan nie en andersom. Wanneer 'n stabiele Simbiose tussen Staat en Kapitaal tot stand gekom het, dan verwys dit na 'n situasie waar diegene wat oor politieke en diegene wat oor ekonomiese MAG beskik met mekaar saamwerk om hulle onderskeie magsposisies te beskerm en te bevorder. Dan bestaan politieke en ekonomiese strukture wat vir 'n redelik lang tyd gehandhaaf kon wor

repressive system". In Engeland is so 'n reservoir deur die omheiningswette geskep en in kontinentale lande deur allerhande vorme van grondhervorming.

In 'n belangwekkende artikel wat Stanley Trapido in 1977 oor "labour repression" in Suid-Afrika geskryf het, toon hy aan dat 'n "labour repressive system" in die meeste lande net vir dertig of veertig jaar gehandhaaf is voordat 'n gedeelte van die arbeidsmag daarin geslaag het om hoër lone te beding en om selfs politieke en sosiale regte te bekom. In hierdie opsig vorm Brittanje nogal 'n uitsondering omdat dit byna 'n eeu geneem het van die begin van industrialisasie tot politieke en sosiale regte effektief na die werkerstand uitgebrei is. Die feit dat Brittanje die industriële pionier was, kan hierdie stadige opname verklaar, maar dit kan moontlik ook aan die aard van die Britse Kapitalisme toegeskryf word[5].

Een van die besondere kenmerke van Suid-Afrika se stelsel van Rasse Kapitalisme is nie alleen die blatante rassistiese karakter daarvan nie, maar ook omdat dit op 'n ruwe stelsel van "onderdrukkende Swartarbeid" gebaseer was *én die feit dat hierdie onderdrukkende stelsel vir meer as 'n 100 jaar gehandhaaf is.*

*Waaraan moet dit toegeskryf word?* Volgens Trapido kan ons tussen vier *opeenvolgende* (én oorvleuelende) fases van "arbeidonderdrukking" in Suid-Afrika se geskiedenis van Rasse Kapitalisme onderskei. Elke keer het 'n ander blanke groep oor die politieke mag beskik om arbeidsonderdrukking af te dwing én om dit vir die betrokke groep se *kapitaalakkumulasie* te gebruik en te misbruik.

Voordat hierdie vier fases behandel kan word, moet ons eers kennis neem van die patroon van die landbou in Suid-Afrika in die 2de helfte van die 19de eeu. Behalwe vir kommersiële boerdery in Wes-Kaapland en dele van Natal, het blankes oor verskillende vorme van manoriale en Junker landgoedere beskik en hulle hoofsaaklik met jag en veeboerdery besig gehou. Op hierdie landgoedere het Swart en blanke *huurboere* (en "sharecroppers") 'n mate van akkerbou beoefen en veral mielies geproduseer. Wat interessant is, is dat klein Swartboere - in "Swartgebied" én op blanke plase - suksesvolle mielieboere was en positief gereageer het op die groter vraag na voedsel in die myndorpe wat by Kimberley en Johannesburg ontstaan het. Die ontdekking van minerale het egter nie net 'n vraag na goedkoop voedsel geskep nie, maar ook 'n vraag ná goedkoop arbeid. Die Britse mynmaatskappye het die onontbeerlike kapitaal, tegniese en organisatoriese vernuf hierheen gebring, maar sonder redelik goedkoop arbeid kon goud nie winsgewend ontgin word nie. Alhoewel heelwat Britse mynwerkers hierheen gebring is, het die myne van meet af probleme ondervind om genoeg Swartarbeid te werf. Die Swartes is daarvan verwyt dat hulle te lui is en dat werk nie by hulle kultuur pas nie. Hierdie verwyte het moontlik 'n element van waarheid bevat, maar daar is ook twee ander redes waarom goedkoop Swartarbeid *skaars* was.

Eerstens, het die Britse oorloë van verowering, die onderlinge stamoorloë en die verspreiding van menslike en dierlike pestilensies in die tagtiger- en negentigerjare tot gevolg gehad dat 'n kwart (en moontlik 'n derde) van die Swartbevolking in die laaste kwart van die eeu gesterf het! In ooreenstemming met die teorie van Sosiale Darwanisme is sito-sito deur die Britse Koloniale owerhede aanvaar dat die Swartes 'n minderwaardige ras was - wat net soos die inheemse bevolking in Amerika en Australië - in elke geval gedoem is om uit te sterf!

Tweedens, was die Swartes so suksesvol om in die groter vraag na mielies te voorsien, dat baie van hulle verkies het om eerder by mielieboerdery betrokke te bly, as om op die myne te gaan werk. Teen die einde van die 19de eeu het Swartboere waarskynlik meer mielies as blanke boere geproduseer[6].

---

[5] 'n Merkwaardige ooreenkoms bestaan tussen die stelsel van Klasse Kapitalisme wat in die 19de eeu in Brittanje in swang was en die stelsel van Rasse Kapitalisme wat in die 20ste eeu in Suid-Afrika in swang was.

[6] 'n Swartboer wat oor genoeg kapitaal beskik het om 'n ploeg en vier osse te koop, was gewoonlik 'n suksesvolle mielieboer. As pater familias van 'n uitgebreide familie het hy beheer oor goedkoop arbeid beskik. Al die lede van die uitgebreide gesin - seuns, dogters, vrouens en selfs ou mense - was behulpsaam in aspekte van die mielieboerdery. Hierdie soort "familie-arbeidsmag" het aan Swartboere 'n voorsprong bo hulle blanke eweknieë gegee.



Teen hierdie agtergrond kan ons nou die vier fases van "Swartarbeidonderdrukking" onderskei:

1. 'n Eerste fase het in die 2de helfte van die 19de eeu in Kaapland ontstaan ter wille van die kommersialisering van blanke boerdery en ter wille van Kimberley. Die blankbeheerde Kaapse parlement het verskeie "meester en dienskneg" wette aanvaar, verskeie Kafferoorloë is geveg om Swartes tot onderdanigheid te dwing, en Rhodes het in 1994 die berugte Glen Grey Wet op die wetboek geplaas met die doel om 'n groot hoeveelheid Swartmense wat op "stamgrond" geboer en op blanke plase geplak het, te *proletariseer*. Op dié manier is Swartes gedwing om loonarbeiders te word in diens van gekommersialiseerde boere in Kaapland en in diens van die diamantmyne by Kimberley.

2. Die tweede fase was die doelbewuste proletarisering van nog groter getalle Swartes deur Milner en deur die Wet op Grondbesit van 1913 ter wille van die Britse Goudmyne en ter wille van die kommersialisering van Afrikaners se tradisionele landgoedere. Hierdie fase het van 1901 tot sê 1940 gestrek. Soos reeds gesê, het die goudmyne van meet af probleme ondervind om genoeg goedkoop Swartarbeid te werf. Paul Kruger het in 1896 Swartlone vasgestel op 'n vlak wat te hoog was na die smaak van die mynmaatskappye. Om volle beheer oor <u>alle</u> aspekte wat goudproduksie beïnvloed, te verkry, het Brittanje uiteindelik oorlog gemaak.

   Lord Milner het in 1901 opdrag gekry om die goudmyne so gou as moontlik weer in produksie te kry met Swartarbeid en lone wat slegs 'n derde sou wees van die lone van vóór die oorlog. Toe hy nie hierin slaag nie, het hy 64 000 Sjinese "koelies" ingevoer en die South African Native Affairs Commission (SANAC) (1903-05) onder voorsitterskap van Sir Godfrey Logden aangestel. SANAC het in 1905 voorgestel dat groot gebiede waarop Swartes 'n lewensbestaan gemaak het, hulle ontneem word en dat die Swarthuurboerdery en plakkery op blanke plase beëindig moet word, om Swartes in *loonarbeiders* te omskep[7]. Die bedoeling was om op dié manier *kunsmatig* 'n reservoir van goedkoop arbeid te skep wat hopelik geen ander keuse sou hê as om ook op die myne te werk nie.

   Die trekarbeid en kampong-stelsel wat na die aanvaarding van die Wet van 1913 op dreef gekom het, was inderdaad in 'n wrede vorm van "arbeidonderdrukking". Die drieledige formule van Swartes wat op die myne <u>moet</u> gaan werk vir 'n lewensonderhoud, die baie lae lone en die kampong stelsel het aan die mynmaatskappye 'n besondere sterk greep oor hierdie vorm van arbeid gegee wat uitbuiting vergemaklik en vererger het. Volgens hierdie stelsel van Swart-eksploitasie het die Swartreservate en die Hoë Kommissaris gebiede (waar trekarbeid gewerf is) 'n groot deel van die koste van die goudmynbedryf gedra deurdat die seuns in Swartgebiede (binne en buite Suid-Afrika) groot gemaak is, en die teringpasiënte dáár versorg is![8] Meer as 60 persent van die Swart trekarbeiders is uit Suid-Afrika se buurlande gewerf.

3. 'n Derde fase van "arbeidonderdrukking" het in 1933 begin toe die Brits/Engelse goudmyne hulle belange na nywerheidsproduksie uitgebrei het en hulle goedkoop Swartarbeid vir hulle industriële opstyging nodig gehad het. Ná die verhoging van die goudprys (met 45 persent) in 1932 het die goudmyne reusagtige winste gemaak wat hulle in nywerheidsontwikkeling geploeg het. Die nuwe geslag Engelse industriële kapitaliste het groot druk op Hertzog en Smuts se regerings geplaas om die

---

[7] SANAC het beweer dat daar 'n "*delikate* balans" tussen Swartarbeid en Swartgrond bestaan. As te veel grond vir Swartes gereserveer sou word, sal die myne se arbeidsprobleem onoplosbaar bly. As te min grond gereserveer sou word, sal die Swartes nie na die reservate kan terugkeer wanneer hulle arbeid nie meer benodig word nie - d.w.s. dan sal die reservate nie 'n deel van die *arbeidskoste* van die myne kan dra deur die seun groot te maak en daarna die siek manne te versorg nie!

[8] Die geweldige armoede wat tans in die reservate heers, is 'n aanduiding dat die grondgebied wat deur die Wette van 1913 en 1936 vir Swartes gereserveer is, hopeloos te klein was. Tagtig persent van die huidige inkomste van die Tuislande bestaan uit inkomste van trekarbeiders en pensioene.

"arbeidsonderdrukkende" stelsel te bly handhaaf. Hertzog en Smuts het verskeie maatreëls getref om lone laag te hou. Die lone van Swart industriële werkers het in die dertigerjare glad nie gestyg nie en in die veertigerjare net gematig. Lone van trekarbeiders het in die 1930s en 1940s glad nie gestyg nie.

4. 'n Vierde fase van "arbeidsonderdrukking" het in 1948 begin toe Afrikaner entrepreneurs (met grootskeepse owerheidshulp) 'n eie industriële opstyging van stapel gestuur het - aanvanklik in die openbare sektor, maar later in die private sektor. Die NP regering het nie alleen die "arbeidonderdrukkende" stelsel bly handhaaf nie, maar die skroewe van *onderdrukking* en uitbuiting op allerhande maniere veel stywer aangedraai. Die nuwe geslag Afrikaner industriële en landbou kapitaliste, het 'n groot gevestigde belang in die verskerpte vorm van "arbeidsonderdrukking" gehad. Dit is egter nodig om te beklemtoon dat die Engelse kapitaliste - in mynbou, handel en industrie - in die 1950s en 1960s onverpoos voortgegaan het om die stelsel van arbeidsonderdrukking te benut. Die lone wat in 1972 aan Swarttrekarbeiders op die myne betaal was, was in reële terme aansienlik laer as die vlak van 1911 en waarskynlik ook laer as die vlak van 1896! Dit was beslis skynheilig van die Engelse establishment om in die jare vyftig en sestig soveel morele kritiek teen die NP se arbeidswette te opper, terwyl hulle groot voordele uit apartheid ontvang het.[9]

<u>Maar hoe en deur wie is hierdie sterk greep op Swartarbeid verkry en gehandhaaf?</u> Dit bring ons by die politieke kern van die formule.

## 3. DIE ONTSTAAN VAN DIE STELSELS VAN BLANKE POLITIEKE OORHEERSING, RASSE KAPITALISME EN DIE IDEOLOGIE VAN BLANKE MEERDERWAARDIGHEID EN SWART MINDERWAARDIGHEID

In die vestiging van blanke politieke gesag in Suid-Afrika het die Britse verowerings, oor die Xhosas en Zoeloes en oor die twee Boererepublieke, 'n sleutelrol gespeel. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die imperiale owerhede die Swartes die versekering gegee dat "equal laws and equal liberty" na die oorlog aan hulle gegee sou word. Maar gedurende die vredesonderhandelinge by Vereniging, het die Britte hulle belofte aan die Swartes verbreek en aan die Boere belowe dat die vraagstuk rondom die stemreg aan Swartes uitgestel sal word tot <u>ná</u> selfregering aan die twee eertydse republieke toegestaan is. Hierdie belofte is gestand gedoen toe die Westminster Wet in 1909 aanvaar is. Ons het dus rede om te sê dat blanke politieke oorheersing afgedwing is "through the barrel of a British gun", maar die guerrillaoorlog het beslis ook 'n bydrae daartoe gelewer.

Ná die oorlog het Milner se rekonstruksiebeleid, die groot boere in Transvaal (ook die "Notables" genoem) in die harnas gejaag deur hulle nie die nodige ondersteuning te gee in hulle pogings om na gekommersialiseerde (mielieboerdery) oor te skakel nie. Met die koms van Lord Selborne as Hoë Kommissaris in 1906, het die toestand in Transvaal ingrypend verander. Hy het besef dat goudproduksie net gestabiliseer kan word as die samewerking van die Transvaalse groot boere verkry kan word. In 1907 is verantwoordelike regering aan Transvaal toegestaan en het Louis Botha se *Het Volk* in Maart 1907 aan bewind gekom. In Meimaand het Britse mynwerkers gestaak en het Jan Smuts (die verantwoordelike Minister) die Britse imperiale troepe ingestuur om hierdie mynwerkers uit te sluit en beskerming aan Afrikaner mynwerkers te bied.[10] Op daardie dag - 23 Mei 1907 - het 'n "magsverbond" ontstaan en is vir die eerste maal 'n *Simbiose tussen ('n Afrikaner-beheerde) Staat en (Britse) Kapitaal* gesmee - kortom 'n boeregeneraal het die Britse goudmyne en Britse

[9] In 'n boek wat die Kanadese politieke navorser. Dan Omera in 1996 gepubliseer het. skryf hy die volgende oor die Engelse establishment: "The self-righteous indignation [against apartheid] emenating from a political and economic establishment which has grown fat off apartheid smacked of the rankest 'moral hypocracy'". *F...... last Years*, p. 231.

[10] Lionel Phillips, 'n mynmagnaat het die gebeure van Mei 1907 soos volg beskryf: "The whole position is getting topsy-turvy! A Boer government calling out British troops to keep English miners in order, while Dutchmen are replacing them in the mines".



kapitalisme in Suid-Afrika gered! Hierna was die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika bloot 'n formaliteit. Die stelsel van blanke politieke oorheersing het onmiddellik ná 1910 rassewette op die wetboek geplaas waarvan die Wet op Grondbesit (1913) die belangrikste was. Hierdie wet het 1 miljoen van die 5 miljoen Swartes van hulle lewensbestaan en boerderygeleenthede ontneem en hulle *geproletariseer*. Hierdie Wet, die stelsel van *trekarbeid* en die *kampong*-stelsel het die Swartes aan onderdanigheid, aan uitbuiting, aan versnipperings, aan haglike gesondheidstoestande en aan ongekende armoede onderwerp. Hierdie stelsel was die rots waarop die stelsel van Rasse Kapitalisme gebou is en waarop dit tot 1973 gedy het!

Die blanke magskliek wat in 1910 aa die bewind gekom het, het nog nie <u>alle</u> blankes ingesluit nie. Die Afrikaner kleinboere en die Engelse en Afrikaner arbeidersklas was nog uitgesluit. In drie gewapende opstande het die gemarginaliseerde blanke groepe hulle insluiting by die blanke magskliek afgedwing. Die mynwerkerstaking van 1914 is ook wreed deur Smuts onderdruk deur die Unieweermag te gebruik. Die Rebellie van Afrikaner boere in 1914 is eweneens met behulp van die weermag onderdruk. Sò ook die Swartstaking van 1920 en die blanke mynwerkerstaking van 1922[11]. (Die blankes se opstande het vrugte afgewerp omdat blankes die stemreg gehad het. Die Swartes s'n het misluk omdat hulle nie stemreg - of slegs beperkte - stemreg gehad het nie).

Ná die 1922-staking het Smuts besluit dat alle blankes by die blanke magskliek ingeskakel moet word. Vroeg in 1924 het hy die Nywerheidsvoorsieningswet op die wetboek geplaas wat mense wat passe dra (d.w.s. Swartes) verbied het om lede van vakbonde te wees. Swartes is so uitgesluit van die nywerheidsversoeningsproses. Hierdie uitsluiting van Swartes deur Smuts was vir byna 60 jaar - tot 1979/81 - in swang en het verseker dat Swartlone in die nywerheid ook baie laag sou bly tot 1973.

Toe die Pact-regering, bestaande uit Hertzog se NP en Cresswell se Arbeidersparty, in 1924 aan die bewind gekom het, is die stelsel van Blanke Politieke Oorheersing finaal *gekonsolideer* en ideologies gelegitimeer in terme van die ideologie van segregasie - d.w.s. die vermeende meerderwaardigheid van blankes en die minderwaardigheid van Swartmense. In terme van Sosiale Darwinisme is vry algemeen aanvaar dat die Westerse beskawing 'n verhewe beskawinsvorm is en dat Swartmense daaraan onderdanig en diensbaar moet wees.

In die literatuur oor die eerste een derde van die eeu, word dikwels beweer dat die "ekonomiese imperatiewe" onderliggend aan produksie in die goudmyne en in mielieproduksie "onderdrukkende arbeidstelsel" onontbeerlik gemaak het. Kortom, die argument was dat as Swartarbeid nie teen sulke lae lone beskikbaar was nie, nog die mynbou nog die landbou revolusies suksesvol deurgevoer sou kon word en dat Suid-Afrika dan 'n onderontwikkelde agrariese land sou bly. As ons hierdie argument aanvaar, sal ons hierdie tydperk nie eintlik as 'n *morele onregverdige* periode kan brandmerk nie. Die argument omtrent die meedoënloosheid van die *ekonomiese imperatiewe* het moontlik meriete. Ons sou egter twee kwalifikasies kan maak. Eerstens, voedsel sou deurgaans goedkoper geproduseer kon word, as die mielieproduksie van Swartboere eerder aangemoedig is en nie doodgedruk is nie. Tweedens, was slegs 1/5 van die mynwerkers blankes, maar hulle gesamentlike lone was aansienlik groter as dié van die Swartes.[12] As die "exploitive colour bar" nie in die goudmyne van toepassing was nie, sou produksiekoste baie laer gewees het en sou "ekonomiese imperatiewe" nie so onbuigbaar gewees het nie. Die feit dat die blankes stemreg gehad het en die Swartes nie, het meegebring dat naas die "ekonomiese imperatiewe" ook "politieke imperatiewe" die aard en gang van

[11] Die mynstaking van 1922 het tot 'n klein oorloggie gelei. Meer as die helfte van die blanke mynwerkers was toe reeds Afrikaners. Die blanke mynwerkers was ontevrede oor hulle lone en omdat die myne meer Swartes in verhouding tot blankes indiens geneem het om kostes te bespaar. Die Swart mynwerkers se lone was meer as 10 keer laer as die blankes sin en heelwat koste kon bespaar word deur meer Swartes vis-a-vis blankes in diens te neem. Die blankes wat gestaak het, het onder 'n rooi vlag gemarsjeer en onder 'n banier met die woorde: "Werkers van die wêreld verenig en veg vir 'n Wit Suid-Afrika"!

[12] In 1921 is R21 miljoen aan 19000 blanke mynwerkers betaal en slegs R12 miljoen aan 300000 Swartes. In 1922 is blanke werkers na 16500 verminder en is R14,6 aan hulle betaal en R12,4 aan die Swart mynwerkers.

ekonomiese bedrywighede gedefinieer het. Die stelsel van Rasse Kapitalisme (en die "arbeidsonderdrukkende" stelsel) is deur die stelsel van Blanke Oorheersing in stand gehou. Dit is moeilik om hierdie gesamentlike stelsel moreel te probeer goedpraat.

Vroeg in die 1930s was ekonomiese toestande baie swak vanweë die Groot Depressie en die Goudkrisis. Op 27 Desember 1932 het Suid-Afrika afgestap van die goudstandaard en het die goudprys met 45 persent gestyg. Die geskil oor die wegbelas, aldan nie, vàn die groot "goud bonanza" het gelei tot 'n koalisie tussen Hertzog en Smuts (1933), tot Samesmelting en tot die wegbreek van Dr Malan en die stigting van die Gesuiwerde Nasionale Party in 1934.

Gesien uit die oogpunt van die Swartmense, was die "draaipunt" van 1933/34 'n baie rampspoedige eeu, om twee redes: Eerstens, omdat Rasse Kapitalisme (gesteun deur 'n Staat met groter legitimiteit) se veertigjaarlange voorspoed (gebaseer op gebonde goedkoop Swartarbeid) toe 'n aanvang geneem het. Tweedens, omdat die skeuring in die NP aanleiding gee tot 'n "opwelling" of 'n "herlewing" van 'n uiters militante en sektariese vorm van Afrikaner nasionalisme wat ná 1948 vir 'n stroewer vorm van "arbeidonderdrukking" sou sorg.

## 4. DIE HOOGTY VAN BLANKE OORHEERSING EN RASSE KAPITALISME (1934-1973)

### 4.1 <u>'n Nouer Simbiose tussen die (blankbeheerde) Staat en (Engelse) Kapitaal (1934-48)</u>

Danksy die styging van die goudprys (in 1932) en die "samesmelting" van Hertzog en Smuts, is die bestaande Simbiose van Staat en Kapitaal hegter gesmee in die jare ná 1934. Die feit dat 'n Afrikanerleier soos Hertzog (wat voorheen vyandig teen die mynmagnate was) nou 'n regering saam met Smuts (die pleitbesorger van Engelse kapitalisme) gevorm het, het die ***legitimiteit*** van die Blanke Hegemoniese Orde aansienlik bevorder. Die hoë goudprys het ideale geleenthede vir akkumulasie geskep. Versoeke vir die verhoging van Swart en wit lone is deur die owerheid afgewys. Gevolglik het die verhoging van die goudprys gelei tot 'n skerp styging in die inkomste van die goudmyne én van die staat se belastinginkomste uit goudmyne. 'n Historikus van 'n goudmynmaatskappy het later geskryf dat die goudmyne toé soveel winste gemaak het, dat dit die wildste drome van hebsug ver oortref het! Die reusagtige "mineral rent" wat na die owerheidskas gevloei het, is gebruik om die infrastruktuur en die (blanke) onderwysstelsel van 'n moderne industriële staat te bou, terwyl die myne hulle groot winste gebruik het vir grootskeepse industriële ontwikkeling[13].

Selfs al sou ons die argument aanvaar dat ***ekonomiese imperatiewe*** gedurende die eerste 1/3 van die eeu nog so was dat die mynbou revolusie nie kon slaag, sonder om buitengewoon lae lone aan Swarttrekarbeiders te betaal nie, dan was dit beslis nie meer waar vir die tydperk van sê ná 1940 af nie. Al sou ons die argument toegee dat morele kritiek teen die Suid-Afrikaanse bestel tot 1940 (moontlik) nie geoorloof is nie, dan was dit nou nie meer die geval nie. Maar die "arbeidsonderdrukkende" stelsel - en alles wat dit vir Swartmense behels het - is tot in die middel van die sewentiger jare gehandhaaf. Die politieke en ekonomiese mag wat gedurende die eerste 1/3 van die eeu geïnstitusionaliseer geraak het, het nou ***verhard*** tot 'n meedoënlose stelsel van ***strukturele ekonomiese uitbuiting*** waarvoor hoegenaamd geen morele regverdiging aangevoer kan word nie.

Gedurende die oorlog het die Smuts-regering instromingsbeheer verslap om die toevloei van goedkoop Swartarbeid te verhoog, maar sonder om 'n enkele rassewet van die wetboek te verwyder en sonder om die haglike lewensomstandighede van verstedelikte Swartes te verbeter. Toe mynwerkers in 1946 staak vir hoër lone, het die Smuts-regering weer tot die redding van die Engelse kapitalisme gekom. Smuts het 16000 polisiemanne ingestuur om die staking wreed te onderdruk. Toe die NP in 1948 die verkiesing wen, was die

[13] Die owerheidinkomste uit die goudmyne het van R3.2 miljoen in 1930 na R21 miljoen in 1935 en na 45 miljoen in 1940 gestyg - d.w.s. die bydrae van die goudmyne tot die staatskas het van 5.8 persent in 1930 na 33.6 persent in 1935 tot 1940 gestyg.



stelsel van "arbeidsonderdrukking" en segregasie nog volledig "geinstitusionaliseer" in die Suid-Afrikaanse samelewing.

### 4.2 <u>Die opwelling van Afrikaner nasionalisme en apartheid (1948-1972)</u>

Toe Hertzog en Smuts in 1934 op ***samesmelting*** besluit, het die sg. Gesuiwerde NP onder leiding van dr Malan weggebreek. Onder die inisiatief van 'n groep jong stedelike Afrikaners (wat lede van die Broederbond was), is 'n nuwe versie van Afrikaner nasionalisme gedefinieer wat "Afrikaner Christelike Nasionalisme" genoem is. Die kern van dié Afrikaner nasionalisme was die idee van "volksgebondenheid" waarvolgens die bande van "bloed, grondgebied en die volk" eerste staan en waarvolgens die (Afrikaner) individu alleen bestaan vir en deur die volk! Hierdie nuwe vorm van nasionalisme het die (beweerde) armoede van die Afrikaners gedramatiseer en gemistifiseer en dit aan Britse imperialisme en aan die "volksvreemde" kapitalisme gewyt. Indien 'n mens die Carnegie-verslag van 1932 oor die Armblanke probleem as uitgangspunt neem, dan was die armoede van 'n deel van die Afrikaners nie naastenby so erg soos wat die NP propagandisties beweer het nie. Die Kommissie het die armoede van die Armblankes in sekere karaktertrekke ***inherent*** aan 'n groep van die Afrikaners toegeskryf en dit nie soseer aan omgewingsfaktore soos Britse imperialisme en 'n vreemde stelsel van kapitalisme gewyt nie.

Met die samewerking van die Afrikaanse kerke en kultuurorganisasies, is die temperatuur van die Afrikaner Nasionalisme in die 1940s tot ongekende hoogtes aangeblaas[14]. Deur die "verontregting" wat die Afrikaners aan die hand van die Britse imperialisme en vreemde Kapitalisme gely het te dramatiseer, én deur op die Swartgevaar te hamer, het die NP die verkiesing van 1948 met 6 setels gewen, maar slegs 40 persent van die populêre stem verwerf.

Die NP regering van 1948 het 'n drieledige agenda gehad: (a) om die kapitalisme ingrypend te omvorm en/of om die stelsel te kaap en diensbaar vir die (Afrikaner) ***volk*** te maak; (b) om die verarmde en (beweerde) verontregte Afrikaners op te hef; (c) om die Swartprobleem op te los sodat die "suiwerheid" van die volk verseker kon word!

Van die omvorming of die "verowering" van kapitalisme het niks gekom nie. Die owerheidsektor is wel verafrikaniseer. Die bestaande Simbiose tussen die (Afrikaner beheerde) Staat en (Engelse) Kapitaal is bykans onveranderd gehandhaaf. Toe die NP eers aan bewind was, het hy besluit dat die voordele van Rasse Kapitalisme - gesien uit die oogpunt van die Afrikaner - groter is as die (beweerde) nadele van die stelsel van Vreemde Kapitalisme! (Die anti-kapitalistiese retoriek van Afrikaners in die veertigerjare staan in skrille teenstelling met die pro-kapitalistiese houding van Afrikaners in vyftigerjare - om nie eens van die ondersteuning van die vryemarkiersideologie deur 'n groot deel van Afrikaners in die negentigerjare te praat nie!)

[14] Die Afrikaners het daarop aanspraak gemaak dat hoewel hulle (in 1902) die oorlog teen die magtige Groot Brittanje verloor het, hulle nogtans 'n morele oorwinning behaal het. In die kultivering van 'n Afrikaner nasionalistiese beweging (in veral die dertiger- en veertigerjare) is die beweerde "eeu van onreg" wat die Afrikaners vanweë Britse imperialisme en Britse kapitalisme ondergaan het, uitgebou en vertroetel tot 'n nasionalistiese "folklore". In die voortslepende spanning wat kort ná Uniewording tussen 'n deel van die Afrikaner en die Engelse Establishments ontwikkel het - hoofsaaklik oor politieke en ekonomiese hegemonie - het Afrikaners daarop aanspraak gemaak dat hulle (as slagoffers van onverdedigbare imperialistiese uitbuiting) op die morele hoë grond vis-a-vis die Engelse verkeer. Na 1934 het die Afrikaners se aanspraak op die morele hoë grond een van die belangrikste wapens in die arsenaal van die NP geword in hulle (nasionalistiese) strewe (op ekonomiese, politieke en kulturele gebied) om hulle groepsbelange te bevorder en te beskerm teen nie alleen die (beweerde) aanslag van die Engelse nie, maar ook van die Swartes, die Kleurlinge en die Asiërs. Die wyse waaop die NP die morele hoë grond in die 1930s, 1940s en 1950s geploeg het om Afrikaner groepsbelange (en selfs "groepselfsug" en "nasionalisme") te laat gedy en die rol wat Afrikaanse Kerke, Afrikaanse Universiteite en 'n verskeidenheid van Afrikaanse kultuurorganisasies gespeel het in die bevordering van Afrikaner groepsbelange (nasionalisme) is goed bekend. Terugskouend is die manier waarop Afrikaner-nasionalisme aangeblaas is en dit wat in die naam daarvan gepleeg is, nie 'n mooi en gelukkige verhaal nie.

Die NP se beleid ná 1948 het uit die volgende drie dinge bestaan: (a) 'n Sosiale welvaartsbeleid ter wille van die opheffing van die (beweerde verontregte) Afrikaners; (b) 'n Beleid van *statisme* waarvolgens die staat verafrikaniseer is en 'n veelheid van staats- en semi-staatsinstellings tot stand gebring waardeur aantreklike werksgeleenthede vir veral Afrikaners geskep is; (c) Die groot aantal *addisionele* "rassistiese" en diskriminerende wette wat op die wetboek geplaas is en ook op Kleurlinge en Asiërs van toepassing gemaak is. Instromingsbeheer is verskerp en strenger wetgewing ter wille van werksreservering is aangeneem. Die eertydse segregasiebeleid het nou die naam van apartheid verkry. Die beleidsverandering het egter op veel meer as 'n naamsverandering neergekom. Die veelvoud van stroewe apartheidsmaatreëls het in effek die Kleurlinge en Asiërs van tweede na derdeklas burgers verlaag en die Swartes van derde na vierdeklas burgers. Hierdeur is die vierde fase van die "arbeidonderdrukkende stelsel" van stapel gestuur, hoofsaaklik ter wille van 'n nuwe geslag Afrikaner entrepreneurs en ter wille van die mielieboere se behoefte na goedkoop en gebonde Swartarbeid. Die verskerpte werkreserveringsmaatreëls het ook die blanke werkers soveel te meer teen mededinging van werkers anders as blanke beskerm. Ten spyte van die ideologiese kritiek wat die Engelse establishment teen die NP geopper het, het Engelse ondernemings in die mynbou, handel en industrie ongesteurd voortgegaan om lae lone aan Swartwerkers te betaal en om die "arbeidonderdrukkende" stelsel tot hulle voordeel te benut.

Die 25 jaar van 1948 tot 1973 was besonder voorspoedig. Die jaarlikse gemiddelde groeikoers was byna 5 persent. 'n Groot invloei van buitelandse kapitaal is in veral die 1960s ondervind. Hierdie buitelandse ondernemings het reusagtige winste gemaak uit die streng "arbeidsonderdrukkende" stelsel. Die NP se beleidsmaatreëls het die Afrikaners op 'n veelheid van maniere bevoordeel. Dit, tesame met die hoë groeikoers, het gelei tot 'n vinnige (en waarskynlik te vinnige) *embourgeoisment* van die Afrikaners in die derde kwart van die eeu. Die addisionele strukture van uitbuiting en diskriminasie wat op mense ander as blank van toepassing gemaak is, het die inkomste gaping tussen blank en Swart baie verruim[15].

Dwarsdeur die vyftigerjare het die NP sy optrede geregverdig met die ideologiese argument dat hy optree om die verarmde Afrikaners op te hef uit die armlastigheid waarin Britse imperialisme en vreemde Kapitalisme hulle gedompel het. Alhoewel die NP se welvaartsbeleid die armer deel ten goede gestrek het, het die NP se beleid byna van meet eerder die ryker Afrikaners met allerhande vorme van *begunstiging* bevoordeel. Die hulpprogramme vir boere was ook daarop afgestem om die groter (ryker) boere te ondersteun. (Die aantal blanke boere het van 120000 in 1950 na 75000 in 1976 verminder). Netso is ruim voordele aan veral die "suksesvolle" sakemanne gegee[16]. Die begunstiging wat deur die NP regering aan Afrikaners gegee is - in die vorm van kwotas, myn- en dranklisensies, regeringskontrakte en binne-inligting - het van meet af die kentekens van nepotisme gedra en mettertyd in korrupsie ontaard[17].

Vanweë sy klein oorwinning in 1948, het die NP onmiddellik maatreëls getref om sy parlementêre meerderheid te vergroot en te waarborg. Die belangrikste hiervan was die moreel twyfelagtige manier waarop die Kleurlinge in 1956 van die gesamentlike kieslyste verwyder is. Hierbenewens is die SAUK vir partypolitiek propaganda gekaap en is persmaatskappye - soos Naspers en Perskor - ruim begunstig om hulle lojale ondersteuning te verseker. Die NP het ook tot sy eie voordeel met sy "martelaar" propaganda volhard.

---

[15] Terwyl die per capita-inkomste van die blankes in 1946/47 10,6 keer hoër was as dié van die Swartes, was blanke inkome in 1975 15 keer hoër! Die derde kwart van die eeu was dus 'n tydperk van hoë groei en 'n *opwaartse* verdeling van inkome. As daar ooit 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was waar *onverdiende* rykdom lynreg teenoor *onverdiende* armoede gestaan het, dan was dit in die derde kwart van die 20ste eeu.

[16] Afrikaner beheer van private industrieë het van 6 persent in 1948 na 21 persent in 1975 vermeerder. As die staatskorporasies bygereken word, het industriële produksie onder Afrikaner "kontrole" tot 45 persent in 1975 gestyg.

[17] Die feit dat die NP vir 46 jaar ononderbroke aan die bewind was, was 'n baie ongelukkige stand van sake. Die magsmisbruike waartoe dit gelei het, is 'n afdoende rede waarom geen politieke stelsel so behoort te funksioneer dat een en dieselfde party vir so lank aan die bewind kan bly nie. Indien die ANC ook vir 46 jaar - of selfs vir 23 jaar - ononderbroke aan die bewind bly, sal dit ewe rampspoedig wees.



Die Afrikaner (of Suid-Afrika) is telkens voorgehou as die (potensiële) martelaar van een of ander "gevaar" - die Engelse, die rooi, die bruin en die Swart gevaar, ens.

In die 1960s het dr Verwoerd 'n ideologiese regverdiging vir blanke oorheersing probeer verskaf met die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling wat "afsonderlike vryhede" aan die blanke en die Swart volke in hulle "eie" gebiede sou bied! Om die Suid-Afrikaanse (of blanke) ekonome se afhanklikheid van Swartarbeid te verminder, is beleidsmaatreëls geïmplementeer om "kapitaal" goedkoop en "Swartarbeid" kunsmatig skaars (en nie-beskikbaar) te maak. So byvoorbeeld is die wisselkoers van die Rand hoog gehou om die invoer van kapitaalgoedere goedkoop te maak. (In 1970 is $1-40 vir 'n Rand gekry. Tans kry mens kwalik $0-22 vir 'n Rand). Hierbenewens is rentekoerse baie laag gehou om investerings te stimuleer. Boonop is belastingskortings aan ondernemings toegestaan op die beleggings wat hulle gemaak het. Hierdie maatreëls het die Suid-Afrikaanse ekonomie erg <u>verwring</u> en tot 'n wanallokasie van arbeid en kapitaal gelei. Die ekonome het hopeloos te kapitaalintensief geword vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika. (Sedert 1960 het die kapitaal/arbeidsverhoudings meer as 300% gestyg!)

Ná die Sharpeville opstand van 1960 is die Bevrydingsorganisasies verbied en is 'n formidabele "veiligheidstaat" onder die leiding van mnr Vorster as Minister van Polisie opgebou. Hierdie "veiligheidstaat" het in die tydperk 1961 tot 1976 merkwaardige vrede en stabiliteit in Suid-Afrika afgedwing.

## 5. DIE KRISIS VAN BLANKE OORHEERSING, STAGFLASIE EN DIE INTENSIFISERING VAN DIE STRUGGLE (1973-1990)

'n Reeks dramatiese gebeure van 1973 tot 1976 het 'n ernstige veiligheidskrisis geskep en sowel die <u>akkumulasie</u> as die <u>legitimasie</u> doelstellings van die Blanke Hegemoniese Orde so ernstig bedreig dat die Simbiose van Staat en Kapitaal begin het om te verkrummel. Desperate pogings is deur alle sektore aangewend om die krisis te beredder en om weer omstandighede te skep wat bevorderlik vir akkumulasie en legitimasie sou wees. Dit was egter tevergeefs. Hierdie pogings het nogtans die lewe van Blanke Oorheersing met twintig jaar verleng.

Die reeks gebeurtenisse wat die ou bestel in die sewentigerjare geskud het, was die onwettige Swart stakings van 1973, die oliekrisis van 1973 en die wêreldwye stagflasie waartoe dit gelei het, genl. Spinola se staatsgreep in Lissabon (1974), die onafhanklikwording van die Portugese kolonies, die weermag se abortiewe inval in Angola (1975) en die Soweto-onluste (1976).

Mnr Vorster het hoegenaamd nie geweet hoe om die krisis te hanteer nie. Ná 4 jaar van regeringsverlamming het PW Botha Eerste Minister geword. Mnr Botha het 'n omvattende "oorlewingstrategië " geïmplementeer wat uit drie hoofaspekte bestaan het:

(a) 'n Totale Strategie om die beweerde Totale Aanslag teen die blanke, Westerse en Christelike bestel in Suid-Afrika af te weer[18]. As deel van die Totale Strategie het owerheidsbestedings of Verdediging (én op Krygkor) van 2,2 persent van die BBP in 1972 tot 4,3 persent in 1989 gestyg. Die *addisionele* besteding op Verdediging is, teen huidige pryse, byna gelyk aan die helfte van die huidige staatskuld.

(b) 'n Neo-apartheidbeleid waarvolgens die lewens- en werksomstandighede van stedelike Swartes verbeter is en beperkings op die gebruik van stedelike swartes grootliks opgehef is. Hierdie maatreëls is op aandrang van die sakesektor ingestel in 'n poging om hulle winsgewendheid weer in ere te

---

[18] In hierdie tydperk was daar wel iets van 'n "totale aanslag" van die Bevrydingsorganisasies teen die Apartheidsbestel. Hierdie "aanslag" is op 'n behendige wyse deur die PW Botha-regering se propaganda van sy "rasse-karakter" ontneem en propagandisties voorgehou as 'n Totale Aanslag wat vanuit Moskou georganiseer, gefinansier en georkestreer word en wat teen die Westerse en Christelike waardes en teen die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika gemik was.

herstel. In die sewentigerjare het nywerheidsontwikkeling 'n stadium bereik waar goedkoop ongeskoolde (en halfgeskoolde) arbeid nie meer so voordelig was nie. Vir verdere industriële ontwikkeling het die indiensname van geskoolde (en beter besoldigde) Kleurling en Swartarbeid nou nodig geword om die "mannekrag knelpunte" uit die weg te ruim. Die belangrikste hervormingsmaatreël was die toekenning van vakbond- en stakingsregte aan Swartes in 1979 en 1981 na aanleiding van die aanbevelings van die Wiehahn en Rieckert-komissies. Die neo-apartheidmaatreëls het tot 'n skerp styging in die lone van stedelike Swartwerkers gelei. Die nuwe beleid het 'n skerp onderskeid tussen Swart "insiders" en "outsiders" gemaak. Die verskerping van instromingsbeheer om die "outsiders" uit te hou, het meer Swartes in die Tuislande "opgedam" waar hulle lewensomstandighede erg verswak het.

(c) Deur 'n ingrypende omvorming van die regeringstelsel en die burokrasie, is 'n stelsel van gesentraliseerde "managerialism" geskep om sowel die Totale Strategie en die hervorming te bestuur. Hierdie stelsel het diktatoriale magte in die hande van die Staatspresident (veral ná 1984) en die Staatsveiligheidsraad saamgetrek wat arbitrêr gebruik kon word en inderdaad só gebruik is. Die direkte beheer wat die regering oor Krygkor - die enigste werklike suksesvolle onderneming in die 1980s - uitgeoefen het, het aan die Botha-regering ook beheer gegee oor 'n groot deel van die sakesektor - veral daardie 5000 ondernemings wat subkontrakteurs van Krygkor was!

Ná mnr Botha se Rubicon-toespraak (Augustus 1985) en ná die afkondiging van verskeie noodtoestande, het die samewerkingsverhouding tussen mnr Botha en die sakewêreld versuur en het Botha se "neo-apartheid" minder belangrik geword. Botha se beleid het nou 'n beleid van "koöpterende dominansie" geword. Diegene wat bereid was om hulle te laat "koöpteer" (soos Tuisland- en Kleurlingleiers en 'n deel van die sakesektor) is ruim beloon en almal wat weerstand gebied het, is op allerhande maniere "onderdruk" of as deel van die Totale Aanslag onder verdenking gebring. Die wyse waarop die veiligheidsmagte in hierdie tyd teen die "vyande" van die staat opgetree het, is een van die donkerste hoofstukke in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die bevoorregting, die nepotisme en die "omkopery" wat lank reeds deel van die NP se regeringstyl was, het in die loop van die tagtigerjare vererger tot 'n stelsel van "strukturele korrupsie" wat soos 'n vinnig groeiende gewas 'n groot deel van die openbare lewe "verkanker" het - en mens wonder of dit moontlik sal wees om die "liggaam" van die openbare lewe weer hiervan te suiwer.

Die twintig jaar van 1974 tot 1994 verteenwoordig die krisistyd van blanke oorheersing en rasse kapitalisme. Dit is ook die tyd waarin politieke en ideologiese MAG geleidelik uit die hande van die blankes gegly het en uiteindelik (op 27 April 1994) in Swarthande gekonsentreer geraak het. Terwyl Swartmense vóór 1970 oor weinig ekonomiese bedingingsmag beskik het, het dit merkwaardig gegroei ná die Durbanse stakings, Soweto en die toekenning van volle vakbondregte aan Swartes. In hierdie tydperk het die Bevrydingstryd ook verhewig en het die blanke bestel heftig weerstand gebied om sigself te bly handhaaf. In hierdie meedoënlose Struggle, en die Weerstand daarteen, is daar ongelukkig aan albei kante dade gepleeg wat op 'n ruwe verbreking van menseregte neergekom het.

Die Bevrydingstryd - én die Weerstand van die blanke establishment daarteen - het ongelukkig hoofsaaklik op die ekonomiese terrein plaasgevind. In die tydperk 1974 tot 1994 het die Struggle en die Weerstand daarteen moeilik herstelbare skade aan die ekonomie berokken. Terwyl die gemiddelde ekonomiese groeikoers van 1934 tot 1974 sowat 4,5 persent per jaar was (en die reële per capita-inkome met ongeveer 2,5 persent per jaar gestyg het), was die groeikoers van 1974 tot 1994 slegs 1,7 persent per jaar en het die reële per capital-inkome met 0,7 persent gedaal! Die twintig jaar van verhewigde Struggle en Weerstand was dus 'n tyd van



kruipende armoede, van groeiende werkloosheid en dubbelsyfer inflasie[19]. Boonop het meer as R60 biljoen se disinvestering plaasgevind en het die binnelandse besparing en kapitaalvorming skerp gedaal.

Aan die einde van die tagtigerjare het verskeie Swartdorpe onregeerbaar geword (hoofsaaklik vanweë die rol wat die UDF gespeel het) die ekonomiese toestande het so versleg en die internasionale druk het so vererger, dat mnr De Klerk bykans geen keuse gehad het as om sy 2 Februarie 1990 toespraak te hou nie. Mnr De Klerk se toespraak moet ook gesien word teen die agtergrond van die ernstige (binne- en buitelandse) legitimiteitskrisis waarin die stelsel van Blanke Oorheersing gedompel geraak het. Vanweë 'n veranderende internasionale toneel wat tot die einde van die Koue Oorlog gelei het, het die groot moondhede (gesamentlik en afsonderlik) groter druk op die NP uitgeoefen.

Tydens die onderhandelinge wat vanaf 1990 tot 1994 plaasgevind het, het die onverkwiklike magstryd wat van 1652 tot 1990 tussen 'n veelvoud van etniese, taal en kulturele groepe plaasgevind het, gepolariseer tot 'n tweeledige "onderhandelingstryd" tussen die (hoofsaaklik swart) Bevrydingsorganisasies aan die een kant en die (hoofsaaklik wit) Bourgeois Establishment aan die ander kant. (Dit is wel waar dat die Inkata Vryheidsparty en die verregse blanke politieke partye hulle nie volledig met die Bevrydingsorganisasies en die Blanke Establishment vereenselwig het nie). Die Bevrydingsorganisasies het 'n Alliansie gevorm, bestaande uit die ANC, die SAKP en COSATU. Die blanke establishment was 'n samestelling tussen vyf (blanke) magsgroepe, nl. die korporatiewe sektor, die burokrasie, die NP-regering, die (blanke) media en die (byna uitsluitlik blanke) professionele organisasies. Hierdie vyf groepe het 'n gedugte "Compact of Power" gevorm wat baie sterker (ekonomiese, organisatories en militêr) was as die Alliansie. Terwyl dit oor gedugte strukturele mag beskik het, het die Alliansie hoofsaaklik oor "people's power" beskik en dit deur rollende optogte gedemonstreer (sien Skema 1A).

Gedurende die lang uitgerekte onderhandelinge het die politieke mag dramaties verskuif van die Blanke (Bourgeoisie) Establishment na die (Swart) Bevrydingsorganisasies. Toe die onderhandelings 'n aanvang geneem het, was die ekonomiese, burokratiese, propagandistiese en professionele mag in die hande van die Blanke Establishment formidabel in vergelyking met die ooreenstemmende vorme van mag in die hande van die Alliansie vir Bevrydingsorganisasies. Die rede waarop die Alliansie as die onbetwiste oorwinnaar uit die onderhandelings na vore getree het, was omdat die Blanke Establishment (of die Simbiose tussen die (blanke) Staat en (blanke) Kapitaal) lankal reeds sy legitimiteit verloor het, terwyl die Alliansie 'n baie hoë morele status - nie alleen binne Suid-Afrika nie, maar veral buite Suid-Afrika - gehad het. Die verloop van sake is 'n duidelike demonstrasie dat politieke en ekonomiese mag in die hande van elite groepe wat hulle "ideologiese mag" verloor het, nie juis oor 'n oorlewingsvermoë beskik nie.


## 6. DIE INVLOED WAT RASSE KAPITALISME EN DIE STRUGGLE OP DIE ONGELYKE VERDELING VAN INKOME

Voordat ons kan aandag aan die huidige stand van sake kan gee, is dit nodig om kortliks te let op die invloed wat rasse kapitalisme en die Struggle op die inkome van die verskillende bevolkingsgroepe gehad het. Alhoewel harde statistiek nie beskikbaar is nie, het die ekonomiese en politieke magsposisie waaroor Engelssprekende blankes in die eerste helfte van die eeu beskik het, hulle instaat gestel om in die eerste vier dekades van die eeu 'n styging in hulle per capita-inkome *vis-a-vis* alle ander groepe (insluitende die Afrikaners) te ondervind. Die Afrikaanssprekende blankes se inkome het van 1934 begin styg. In die derde

[19] 'n Ou Afrika-gesegde beweer dat as twee olifante in Afrika veg, dan trap hulle die grond onder hulle voete so pocier dat die gras nooit weer dáár sal groei nie! Die Struggle tussen die Bevrydingsorganisasies en die Blanke Establishment het inderdaad baie nadelige gevolge gehad. Die ekonomiese "grond" is erg beskadig, maar seker darem nie só dat die gras nie weer sal groei nie.


## SKEMA 1A

### POLARISATION INTO TWO POWER BLOCKS




## SKEMA 1B

### RESTRUCTURING OF THE POWER RELATIONSHIPS DURING THE NEXT 5 TO 10 YEARS



kwart van die eeu het die Afrikaners 'n buitegewoon skerp styging *vis-a-vis* alle ander groepe ondervind. In hierdie derde kwart van die eeu het die Afrikaners teen 'n onvergelykbare tempo geembourgeoisment geraak.

Wat die blankes betref (Engels- en Afrikaanssprekende blankes), was hulle per capita inkome in die eerste kwart van die eeu sowat 10 tot 12 keer hoër as dié van die Swartes. Vanweë die uitbuitende karakter van rasse kapitalisme en blanke oorheersing in die apartheidstydperk, het hierdie gaping al hoe groter geword. In 1970 was die blankes se per capita-inkome 15 keer groter as dié van die Swartes! RW Johnson het in 1977 beweer dat die blankes aan die begin van die sewentigerjare die inwoners van Californië verby gesteek het om die bevolkingsgroep te word met die hoogste lewenstandaarde in die wêreld!

Sedert 1975 het die blankes (in terme van inkomste) relatief veld verloor - deels vanweë die kruipende armoede en deels vanweë 'n verlies aan bedingingsmag. Die blankes se per capita-inkome is tans sowat 12 keer groter as dié van die Swartes.[20] Die posisie van die Kleurlinge en Asiërs het sedert 1975 ook aanmerklik verbeter *vis-a-vis* die blankes. Dit bevestig ons tesis dat die powershift (waardeur die blankes se bedingingsposisie verswak is) reeds in die middel van die sewentigerjare 'n aanvang geneem het. (Sien figuur 1).

Alhoewel die posisie van die drie anderskleurige groepe se ekonomiese posisie sedert 1975 merkbaar verbeter het teenoor die blankes, moet ons tog op twee baie onrusbarende verskynsels wys. Eerstens het die huishoudelike inkome van die onderste 60 persent van die blankes sedert 1975 met 33 persent gedaal! Minstens 70 persent van hierdie onderste 60 persent van die blankes is waarskynlik Afrikaners. Dit beteken dat sowat 70 persent van die Afrikaners (wat in die derde kwart van die eeu teen 'n ongekende tempo ryker geword het, gedurende die afgelope 20 jaar weer vinnig verarm het). Hierdie verloop van sake het groot ontwrigting in die Afrikaner gemeenskap veroorsaak[21].

Die inkome volgens rassegroepe in 1993 word in Tabel 1 weergegee.

[20] Sien Whiteford A & McGrath, M. Inequality in size Distribution of Income in South Africa, Stellenbosch Economic Project, 1994.

[21] By nabetragting was die ekonomiese wel en weë van die grootste deel van die Afrikaners oor die afgelope 100 jaar 'n baie ongelukkige een. In die 40 jaar van 1895 tot 1935 is 'n groot deel van die Afrikaners (wat toe nog 'n redelike landelike bestaan gevoer het), verarm deur die Rinderpes, die Anglo-Boere-oorlog, die Rebellie (van 1914), die Groot Griep (1918) en die onvermoë van die klein boere om hulle by veranderende landbou-omstandighede aan te pas. Boonop het droogtes en die Groot Depressie ook sy tol geëis. In die 40 jaar van 1935 tot 1975 het die meeste Afrikaners groot ekonomiese vooruitgang gemaak danksy die Tweede Wêreldoorlog, die selektiewe welvaartsbeleid van die NP-regering en die lang opswaai fase in die ekonomie. In die afgelope 20 jaar het 70 persent (of meer) van die Afrikaners weer relatief armer geraak. Een van die slegste scenarios wat mens 'n bevolkingsgroep kan toewens, is om vir twee geslagte (1935 tot 1975) te vinnig, te maklik, te ryk te word en om in die daaropvolgende geslag (1975 tot 1995) weer baie vinnig baie armer te word. Ten spyte van die verarming van die Afrikaner is hulle per capita-inkome nog heelwat hoër as dié van die anderskleurige bevolkingsgroepe.





## TABEL 1
## INKOME VOLGENS RASSEGROEPE (1993)

| RASSEGROEP | AANDEEL IN BEVOLKING | AANDEEL IN INKOME | PER CAPITA-INKOME (RPA) | ONGELYK-HEDE |
|---|---|---|---|---|
| Blankes | 12,9% | 58,5 | 32 000 | 100 |
| Asiers | 2,6% | 4,8 | 13 000 | 40,4 |
| Kleurlinge | 8,3% | 7,4 | 6 300 | 19,6 |
| Swartes | 76,2% | 29,3 | 2 700 | 8,5 |
| Totaal | 100 | 100 | 7 062 | 22 |


Bron: Whiteford, Pasel & Kelatwang, *A Profile of Poverty, Inequality and Human Development*, RGN, 1994. Tabel II.

'n Nuwe soort ongelykheid het oor die afgelope 20 jaar sterk na vore getree tussen die armste ongeveer 50 persent van die Swartbevolking en die meer gegoede boonste 40 persent. Die huishoudelike inkomste van die onderste 60 persent van Swart huishoudings het sedert 1975 met sowat 33 persent gedaal, terwyl die inkome van die boonste 20 persent van Swarthuishoudings met 38 persent gestyg het! Gedurende die afgelope 20 jaar het die sosiaal-ekonomiese lewensomstandighede van die "Outsiders" (d.w.s. die onderste helfte) en "Insiders" (d.w.s. die boonste helfte) in teenoorgestelde rigtings beweeg. Die Insiders het vaste werksgeleenthede, redelike goeie behuising, redelike onderwysgeleenthede en hulle per capita-inkome het betekenisvol gestyg. Die Outsiders omsluit daardie huishoudings waarvan die broodwinners werkloos is, hulle woon in plakkerskampe in die eertydse Tuislande en in armlastige landelike gebiede[22]. Hulle onderwys- en gesondheidsdienste is uiters swak, terwyl hulle in absolute armoede leef en nie in hulle Basiese Menslike Behoeftes (BMB) kan voorsien nie. Terwyl die Insiders redelik goed georganiseer is in vakbonde en ander burgerlike organisasies, is die Outsiders baie swak georganiseer en beskik hulle oor baie min ekonomiese en politieke bedingingsvermoëns. Tot nou toe het die nuwe regering se beleidsmaatreëls hoofsaaklik tot die voordeel van die Insiders gestrek, terwyl die Outsiders tot 'n groot hoogte verwaarloos word. Indien 'n ekonomiese groeikoers van sê 5 persent gehandhaaf kan word, sal die Insiders groot voordeel daaruit haal, terwyl die "trickle down effect" na die Outsiders relatief klein sal wees. Daar is ook 'n gevaar dat baie van die HOP - soos dit tans toegepas word - eerder tot die voordeel van die Insiders as die Outsiders strek. Daar is aanduidings dat die inkome verdeling tussen die Swartes steeds al hoe ongelyker verdeel word en dat hierdie tendens sedert 1994 sterker geword het.

[22] Byna 50 persent van die Swart bevolking is nog in die eertydse Tuislande woonagtig. Byna 80 persent van die inwoners van die Tuisland leef in absolute armoede. 'n Baie klein deel van hulle inkomste word in die Tuislande verdien. Sowat 80 persent van die inkomste van die inwoners van die Tuislande is afkomstig uit die verdienstes van trekarbeiders en uit pensioene. Die Swart reservate wat geskep is om goedkoop arbeid aan die goudmyne te lewer (en om 'n deel van die arbeidskoste van die arbeiders te dra) het geeindig as "ashoop" van die "oortollige" en erg verarmde deel van die bevolking.


## FIGUUR 1

**VERANDERINGE IN DIE HUISHOUDELIKE INKOME VAN DIE RASSEGROEPE 1975 - 1991[1]**




[1] Sien Whiteford, A. & McGrath, M. Inequality in size Distribution of Income in South Africa, Stellenbosch Economic Project, 1994.

## FIGUUR 2



In figuur 2 word die individuele inkome van die verskillende vyfdes van die Suid-Afrikaanse bevolking weergegee. Die groeiende gaping tussen die Swart Insiders (wat tot 'n groot hoogte die middelste 40 persent van die bevolking uitmaak) en die Swart Outsiders (wat die onderste 40 persent uitmaak) moet nie gering geskat word nie (sien fig. 2). Indien dit sou gebeur dat ekonomiese groei en die HOP die Insiders relatief ryker maak terwyl die Outsiders se posisie onveranderd bly, sou dit in effek neerkom op 'n nuwe soort apartheid tussen Insiders en Outsiders. Diegene wat 'n Neo-Marxistiese interpretasie van Suid-Afrika maak, waarsku dat die verwaarlosing en die verdere verarming van die Outsiders tot 'n Tweede Struggle kan aanleiding gee.

Dit word beraam dat 46 persent van die bevolking (of 18 miljoen individue) in armoede leef - d.w.s. onderkant die minimum bestaanspeil. Wat die verskillende bevolkingsgroepe betref is die toestand soos volg: 57,2 persent van alle swartes (17,2 miljoen individue); 19,8 persent van Kleurlinge (655 000 individue); 6,8 persent van Asiërs (70 000 individue) en 2,1 persent blankes (100 000 individue)[23].

'n Mens sou 'n sterk saak kon uitmaak dat die verbetering van die lewensomstandighede van die armste deel van die Swartes die hoogste prioriteit van die regering behoort te wees. Uit 'n humane en Christelike oogpunt gesien, is dit dringend noodsaaklik dat die lewensomstandighede van die onderste 40 persent van die bevolking deur 'n toepaslike beleid van armoede-opheffing verbeter sal word. Maar 'n mens sou ook kon argumenteer dat die hierdie groep nie net die slagoffers van apartheid is nie, maar ook die slagoffers van die Struggle en die Weerstand daarteen. Soos reeds aangetoon, net die inkome van Swartmense in die hoogty van Blanke Oorheersing en Rasse Kapitalisme relatief gedaal vis-a-vis die inkome van blankes. In die tydperk 1974 tot 1994 het die onderste 24 persent van die bevolking verder verarm te midde van die stagflasie wat deur die Struggle en die Weerstand daarteen veroorsaak is. Só gesien, dra die onderste 40 persent die dubbele las van apartheid en die Struggle en behoort die verbetering van hulle haglike posisie die hoogste prioriteit van die beleid van Regstellende Optrede te wees.

Indien die opheffing van die Outsiders die hoogste prioriteit van die nuwe regering sou wees, sal dit in ooreenstemming wees met die beleidsdoelwit wat Pres. Mandela 'n Mensgerigte Gemeenskap van Vryheid genoem het. Toe hy die Parlement op 24 Mei 1994 geopen het, het hy die verwesenliking van só 'n gemeenskap die langtermyn doelwit van die regering gestel. Hy het dit soos volg omskryf: "My Government's commitments to create a people-centered society of liberty binds us to the pursuit of the goals of freedom from want, freedom from hunger, freedom from deprivation, freedom from ignorance, freedom from suppression and freedom from fear". Die beleidsmaatreëls wat deur die nuwe regering geimplementeer word, het tot nog toe nie daarin geslaag om hierdie soort "sosiaal-ekonomiese vryhede" aan die onderste 40 persent van die bevolking te bied nie.

## 7. DIE INTERAFHANKLIKHEID TUSSEN STABILITEIT, BILLIKHEID, EKONOMIESE GROEI EN INTERNASIONALE VERTROUE

In die HOP-dokument van die Alliansie word onomwonde verklaar dat "the South African economy is in a deep seated structure crisis and as such requires fundamental restructuring". Hierdie fundamentele herstrukturering vereis onder meer die skep van "a strong dynamic and balanced economy which will eliminate the poverty ... and extreme inequalities in wages and wealth ... address economic imbalances and structural problems ... (and) democratise the economy and empower the historically oppressed ... by encouraging broader participation in decisions about the economy in both the private and public sectors". Die ongelykhede waarna verwys word, sou ons soos volg kan sistematiseer:

[23] Whiteford, Pasel & Kclatwang, *A Profile of Poverty, Inequality and Human Development*, RGN, 1994, p. 5.



(a) Die ongelyke verdeling van ekonomiese mag en kontrole. Vanweë die stelsel van rasse kapitalisme is ekonomiese mag en kontrole steeds saamgetrek in hoofsaaklik blanke hande en tot 'n groot hoogte in die hande van die ses konglomerate of Commanding Heights wat gesamentlik sowat 80 persent van die waarde van die aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs beheer. Die korporatiewe sektor is vir alle praktiese doeleindes in blanke besit en blanke beheer.

(b) Ongelyke verdeling van Rykdom. In die middel van die tagtigerjare is beraam dat 5 persent van die bevolking 88 persent van alle rykdom besit. Die rykste 5 persent in Westerse lande besit 46 persent van alle rykdom in daardie lande. In die begin van die eeu het die rykste 5 persent in Brittanje sowat 70 persent van alle rykdom besit. Sedertdien het die rykste 5 persent se aandeel heelwat gekrimp danksy die Welvaartstaat-beleid. In Suid-Afrika sal die verdeling van rykdom ook geleidelik enigsins gelyker verdeel moet word.

(c) Die ongelyke verdeling van eiendom. Harde statistiek oor hierdie verdeling is nie beskikbaar nie. Maar indien ons eiendom ruim sou definieer om ook "menslike kapitaal" (en veral professionele "eiendom") en alle ander bates wat 'n vergoeding op faktormarkte kan verdien, by eiendom sou insluit, dan is dit steeds so verdeel dat blankes (wat 12,9 persent van die bevolking uitmaak) steeds by verre die grootste deel van eiendom besit. Die nuwe regering heg baie waarde aan die gelyker verdeling van "menslike eiendom" - d.w.s. Swart bemagtiging deur die onderwysstelsel en die Regstellende Optrede in aanstellings en bevorderings.

(d) Die ongelyke verdeling van inkome. Soos uit Tabel 1 blyk, is die per capita-inkome van die Asiërs, Kleurlinge en Swartes 40,4, 19,6 en 8,5 persent respektiewelik as ons die inkome van blankes op die indeks van 100 stel. Die ongelykheid in die verdeling het ook 'n ander dimensie. Die verdeling van inkome tussen blankes raak al hoe ongelyker omdat die ryker 20 persent al hoe ryker en die armer 60 persent al hoe armer word. Netso raak die verdeling van inkome tussen Swartes al hoe ongelyker. Die ryker 20 persent van die Swartes maak buitengewoon vinnige vordering, terwyl die onderste 40 persent (en moontlik die onderste 60 persent) al hoe armer word.

(e) Ongelykhede in die verdeling van Sosiale Bestedings (op onderwys, gesondheid, behuising en welsyn). In 1990 was die Sosiale Besteding op Asiërs, Kleurlinge en Swartes, 85, 62 en 27 respektiewelik as ons bestedings op blankes op die indeks van 100 stel. Die nuwe regering tref verskeie maatreëls om pariteit in sosiale besteding te bereik. In sommige gevalle veroorsaak dit heelwat pyn en ontwrigting in blanke geledere. 'n Voorbeeld hiervan is die omvorming van die onderwys en gesondheidsdienste in Wes-Kaapland.

Die vraag onstaan hoe en teen watter tempo hierdie strukturele ongelykhede op ekonomiese gebied uit die weg geruim moet word. Indien ons daarmee rekening hou dat hierdie ongelykhede oor 'n tydperk van 100 jaar ontstaan het, is dit seker nie realisties om dit in sê 10 jaar uit die weg te probeer ruim nie. Boonop is al hierdie ongelykhede ook nie uitsluitlik deur die stelsel van rasse kapitalisme en apartheid veroorsaak nie. Verskeie faktore van 'n historiese, kulturele en demografiese aard het 'n bydrae daartoe gelewer. Dit kan egter nie ontken word dat blanke oorheersing, rasse kapitalisme en apartheid 'n betekenisvolle bydrae daartoe gelewer het nie.

Die ongelyke verdeling van ekonomiese mag, van kontrole en van eiendom en die onderlinge bedingingsverhouding tussen 'n veelvoud van pressiegroepe, is 'n strukturele aangeleentheid wat beslis "strukturele regstelling" vereis as deel van die ANC se voorneme "to address economic imbalances and structural problems ... and (to) democratise the economy". Globaal gesien het belangrike verskuiwings in die mags- en bedingingsverhoudings in die Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese gemeenskap reeds plaasgevind. So bv. bestaan die skerp polarisasie tussen die Alliansie en die Bourgeois Establishment (soos voorgestel in Skema 1A) nie meer nie.

In Skema 1B word 'n "ideale" netwerk van veelvoudige magsgroepe voorgestel. In so 'n ideale netwerk van veelvoudige magsgroepe sal voldoende wigte en teenwigte ingebou wees sodat geen enkele magsgroep (ook nie 'n ANC-regering) 'n dominerende (en/of diktatoriale) rol sal kan speel nie. Oor die onderlinge mag- en bedingingsverhoudings in Suid-Afrika te herstruktureer van die ongelukkige polarisasie tussen twee magsblokke (soos in Skema 1A) tot 'n goedgebalanseerde en ideale netwerk van veelvoudige magsgroepe (soos in Skema 1B) sal 'n lang en pynlike proses wees wat nie voor 10 of 20 jaar afgeloop het, sal wees nie.

Ons sou die huidige situasie in Suid-Afrika (te midde van die nog nie voltooide Tweede Powershift) soos volg kan opsom:

(a) 'n Gebrek aan die nodige sosiaal en ekonomiese stabiliteit (veral vanweë die voortslepende geweldpleging en die hoë vlak van misdaad)

(b) 'n Gebrek aan die nodige sosiaal-ekonomiese billikheid (veral vanweë die skerp ongelykhede)

(c) Die relatief lae ekonomiese groeikoers en die swak werkskeppingsvermoë van die ekonomie (veral vanweë 'n gebrek aan binne- en buitelandse beleggingsvertroue en vanweë die spanning tussen die sakesektor en die Swart arbeidsbeweging

(d) 'n Gebrek aan die nodige buitelandse vertroue in die vermoë van die nuwe regering om omstandighede te skep wat bevorderlik vir volgehoue ekonomiese groei en stabiliteit sal wees. Vanweë die belangrikheid van die sg. "globale ekonomie" en vanweë Suid-Afrika se groot afhanklikheid van die invloei van buitelandse beleggings en entrepreneurskap, is die "wag-en-sien" houding van potensiële buitelandse beleggers 'n kommerwekkende verskynsel.

Die regering se ekonomiese, politieke en sosiale beleid behoort daarop gerig te wees om die volgende vier dinge te verwesenlik:

(a) 'n herstel van sosiale en ekonomiese stabiliteit.

(b) 'n herstel van 'n groter mate van billikheid.

(c) 'n verbetering van ekonomiese groei en van die werkskeppingsvermoë van die ekonomie.

(d) 'n verbetering van Suid-Afrika se aansien en status in die globale ekonomie.

Is dit moontlik om volgehoue hoë ekonomiese groei te handhaaf, en die nodige invloei van buitelandse kapitaal te bewerkstellig sonder groter stabiliteit en billikheid? Waarskynlik nie. Is dit moontlik om stabiliteit te herstel, sonder groter billikheid in die verdeling van inkome? Waarskynlik nie. Is dit moonlik om die nodige armoede-verligting te bewerkstellig, meer werksgeleenthede te skep en groter billikheid te bewerkstellig sonder dat 'n redelike hoë groeikoers vir 'n lang tyd gehandhaaf word nie? Waarskynlik nie. Is dit moontlik om omstandighede te skep wat die nodige vertroue in die buiteland teenoor Suid-Afrika as beleggingsland te skep, sonder om eers ons huis in orde - d.w.s. sonder om eers groter Billikheid, groter Stabiliteit en 'n redelik hoë ekonomiese groeikoers te handhaaf? Waarskynlik nie. Ekonomiese Groei, Stabiliteit, Billikheid en Buitelandse Vertroue is dus onderling baie interafhanklik - die een kan nie bevorder word sonder dat die ander drie ook bevorder word nie. Watter een behoort voorrang bo watter drie te kry? Om hierdie vraag na wense te beantwoord, het 'n mens Salomo se wysheid nodig.

## 8. 'N NUWE SIMBIOSE TUSSEN DIE (SWARTBEHEERDE) STAAT EN DIE (WITBEHEERDE) EKONOMIE ONTBREEK

Die probleme rondom stabiliteit, billikheid, ekonomiese groei en buitelandse vertroue, kan toegeskryf word aan die gebrek aan 'n nuwe Simbiose tussen Staat en Kapitaal en aan algemene instemming oor 'n (nuwe) saambindende Ideologie vir die Nuwe Suid-Afrika. Ons sou ook kon sê dat 'n nuwe Magspiramide tussen die (nuwe) politieke, ekonomiese en ideologiese elitegroepe nog nie "gekliek" het nie en gevolglik nog nie 'n



vaste patroon aangeneem het nie. Ná die NP uit die RNE getree het, rus 'n besondere verantwoordelikheid op die ANC-regering. (Ons vergeet maar van die IVP se voortgesette deelname aan die RNE). In die "magsreorganisasie" wat sedert 1994 aan die gang is, speel die ANC 'n sleutelrol. Sodra die ANC daarin kan slaag om redelik "gesonde" werksverhoudinge met ander magsgroepe op te bou, sal die situasie hopelik gestabiliseer en sou die nodige vertroue hopelik herstel word. Ons het rede om te vermoed dat hierdie proses nog etlike jare sal neem.

Dit is nogal interessant om op te let hoe die ANC sy "magsverhouding" met ander magsgroepe reeds "herorganiseer" het sedert 1994.

### (a) Die ANC en die Burokrasie

Die ANC het sy dominasie oor die burokrasie waarskynlik vinniger gevestig as wat algemeen verwag is - en dit dalk te vinnig gedoen. Met behulp van die beleid van Regstellende Optrede is die burokrasie en die parastatale sektor vinnig "verswart" ("Africanised"). Daar bestaan aanduidings dat hierdie proses heelwat spanning veroorsaak het en tot 'n verlies aan burokratiese doeltreffendheid aanleiding gegee het. Hiermee beweer ons nie dat die owerheidsektor in die ou bedeling 'n toonbeeld van doeltreffendheid was. Inteendeel. Maar as 'n ontwikkelende land kan ons dit kwalik bekostig dat daar knelpunte in sleutel sektore van die owerheidsektor ontstaan. Dit kan die herstel van ekonomiese groei en 'n verbetering van ons buitelandse verhoudings ernstig belemmer. Die ANC se beheer oor die burokrasie is klaarblyklik reeds so groot, dat die tyd nou ryp is vir 'n konsolidasieperiode waarin onnodige spanning en verdere ontwrigtings - wat doeltreffendheid verder kan skaad - tot 'n minimum beperk moet word.

### (b) Die ANC en die Sakesektor

In 1990 was allerweë gevrees dat die verhouding tussen die ANC en die sakesektor baie gespanne sou wees en op 'n openlike botsing sou uitloop. Maar teen 1994 was daar tekens van 'n moontlike samewerkingsverhouding tussen die ANC en die sakesektor. Hierdie "toenadering" kan toegeskryf word aan 'n verstandhouding wat tussen die ANC leierskorps en die sakesektor ontwikkel het vanweë baie gesprekke wat plaasgevind het gedurende die tyd toe die politiek onderhandelinge in Kemptonpark aan die gang was.

Van Mei 1994 tot aan die begin van 1996 was die verhouding tussen die ANC en die sakesektor besonder vreedsaam ten spyte van belangrike ideologiese verskille wat na vore getree het. Gedurende die eerste 18 maande van die nuwe bestel, was dit asof albei te bang was om die ander een aan te vat. Maar in Februarie 1996 het die Suid-Afrikaanse Stigting (bestaande uit die besturende direkteure van die 50 grootste korporasies) 'n dokument gepubliseer, *Growth for All! - An Economic Strategy for South Africa*. Hierin beweer SAS dat 'n groeikoers van meer as 5 persent net behaal kan word as vyf pilare (wat dit moet ondersteun) in "plek" kan kom. Volgens die SAS-dokument is sommige van hierdie pilare nog geensins in "plek" nie (sien figuur 3). Die SAS is baie krities teen die volgende aspekte van owerheidsbeleid:

i) Die beleid ter bestryding van geweld en misdaad;

ii) Die wyse waarop die owerheidsfinansies georganiseer word. Die SAS-dokument pleit vir 'n skerp verlaging van die begrotingtekort voor lenings, 'n vaartbelyning van owerheidsbestedings, 'n hervorming van die belastingstelsel en die voorsiening van 'n "veiligheids net" aan die armes om te kompenseer vir die vermindering van ander vorme van sosiale bestedings;

iii) Die onwilligheid (of onvermoë) van die owerheid om 'n vrye arbeidsmark sonder minimum lone te skep en sodat groter loonbuigbaarheid en 'n afwaartse rigting kan ontstaan. In 'n sterk pleidooi vir 'n duideliker beweging in die rigting van 'n vrye markekonomie pleit die dokument vir 'n grootskeepse privatiseringsbeleid - óók as 'n metode om buitelandse kapitaal te lok;

iv) Die dokument veroordeel ook die regering se handelsbeleid en maak 'n sterk pleidooi vir 'n kragtige uitvoerbeleid. Volgens die dokument kan dit alleen slaag as die vakbondbeweging bereid is om beperkings op loonstygings te ondersteun.

Die dokument het 'n skerp reaksie van veral COSATU ontlok wat in April 'n dokument gepubliseer het, getitel: *Social Equity and Job Creation*. Volgens COSATU berus hulle doelwit op ses pilare (sien figuur 4). Dit is opvallend dat nie een van COSATU se ses pilare ooreenstem met die vyf van die SAS-dokument nie. Dit is 'n aanduiding van hoe groot die *idoelogiese* afstand tussen die sakesektor en die Swartvakbondbeweging is.

In Junie het die ANC sy Makro-ekonomiese beleidsraamwerk gepubliseer: *Growth, Employment and Redistribution - A Macroeconomic Strategy*. In hierdie dokument word 'n standpunt ingeneem tussen die vorige twee maar, ideologies gesien, waarskynlik nader aan die SAS-dokument as aan die COSATU-dokument. Ten spyte van COSATU kritiek teen die makro-ekonomiese strategie, hou die ANC voet by stuk dat hierdie beleidstrategie nie onderhandelbaar is nie. Alhoewel die sakesektor nog lank nie tevrede is met die ANC se ekonomiese beleid nie, en baie sakemanne nog twyfel koester oor die ANC se vermoë om sy beloftes gestand te doen, wil dit voorkom asof 'n redelik goeie werkverhouding tussen die ANC en die sakesektor besig is om te ontwikkel. Maar daar is nog geen sprake dat 'n nuwe Simbiose reeds tussen die (Swart) Staat en die (Wit) Kapitaal tot stand gekom het nie. Solank die alliansie tussen die ANC en COSATU so nou is soos dit is en solank die botsende verhouding (en die ideologieverskille) tussen COSATU en die sakesektor so skerp is soos dit is, kan daar nog nie sprake van so 'n (nuwe) Simbiose tussen Staat en Kapitaal wees nie. Gevolglik sal dit waarskynlik nog geruime tyd neem voordat die stabiliteit, die vertroue (legitimiteit) en die groeivermoë van die nuwe bestel in ere herstel sal wees.

### (c) Die ANC en die Media

Belangrike verskuiwings het oor die afgelope paar jaar in die Media-wêreld plaasgevind. Een van die belangrikste hiervan is die "oorname" van die SABC deur die ANC. Die verhouding tussen die ANC en die blankbeheerde media (ongeag of dit binne- of buitelandse beheer is) is betreklik gespanne. Die (blankbeheerde) Media neem 'n opvallende vyandige houding in teenoor veral sommige van die senior ANC-ministers (uitgesluit mnr Mandela). Die voortslepende spanning tussen die (blanke) media en die ANC moet nie gering geskat word nie. Aan die grondslag van hierdie spanning lê daar nie alleen botsende gevestigde belange nie, maar ook groot ideologiese verskille. Solank hierdie gespanne en selfs vyandige verhouding tussen die ANC en die media bly voortbestaan, sal daar nie eintlik 'n gemeenskaplike saambindende ideologie kan ontwikkel nie.

### (d) Die ANC en die (hoofsaaklik blanke) professionele organisasies

Die wyse waarop die ANC se beleid van Regstellende Optrede (veral in die aanstelling en bevordering van personeel) toegepas word, is besig om 'n uiters gespanne verhouding tussen die ANC en 'n verskeidenheid van professionele organisasies (insluitende universiteite) te veroorsaak. Alhoewel die beleid van Regstellende Optrede redelik algemene ondersteuning geniet, wil dit voorkom asof die manier waarop dit tans toegepas word (veral in die aanstellings en bevorderings) die gevaar loop om professionele standaarde te ondermyn. Hierdie moontlike verlaging van professionele standaarde moet saam gesien word met die moontlike verlaging in doeltreffendheid in die openbare sektor. Ons moet rekening hou met die feit dat die 20ste eeu die eeu van die opkoms van professionalisme is. Die arbeidsmag van alle ontwikkelde en ontwikkelende lande het hoogs geprofessionaliseer geraak. Ons verwys hier nie net na die statutêr verskansde professies nie, maar ook na



professionalisme in die ruimer sin van die woord. 'n Baie ongelukkige newe-effek van die regering se beleid van Regstellende Optrede is dat dit 'n groot (en groeiende) uitvloei van blanke professionele mannekrag veroorsaak. Dit is allermins iets wat Suid-Afrika op hierdie stadium kan bekostig. Dit is belangrik dat die ANC sal besef dat professionele mannekrag in die moderne wêreld 'n besonder beweeglike produksiefaktor geword het en maklik van een land na 'n ander beweeg.

Die tersiêre opvoedkundige instellings van 'n land speel 'n belangrike rol in die opleiding van professionele mannekrag. So gesien vorm veral universiteite 'n belangrike deel van die professionele "establishment". Die aandrang op die transformasie van universiteite is so groot dat daar eweneens 'n gespanne verhouding tussen die ANC en die universiteite - veral die tradisionele blanke universiteite - ontstaan het. Niemand kan ontken dat 'n redelik ingrypende transformasie van universiteite moet plaasvind nie. Die vraag is egter op watter manier en teen watter tempo dit moet gebeur. Die Komissie wat aangestel is om ondersoek in te stel oor tersiêre instellings doen eersdaags verslag. Hopelik sal dit groter sekerheid bring oor die toekoms van hierdie sektor.

### (e) Die ANC en die Swartvakbondbeweging

Gedurende die Struggle en tydens die onderhandeling het 'n baie nou alliansie tussen die ANC, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en COSATU ontstaan. 'n Mens moet dit seker begryp dat 'n alliansie wat as't ware in die loopgrawe gedurende die Struggle "gesmee" is, nie maklik ontkoppel kan word nie. Maar die ANC is nie meer 'n bevrydingsorganisasie nie. Die ANC is nou die regering van die land wat verantwoordelikheid vir die lotgevalle van die totale bevolking moet aanvaar. Boonop moet die ANC daarmee rekening hou dat 'n groot persentasie van diegene wat vir hom gestem het, nie lede van die SAKP en COSATU is nie. So bv. is die meerderheid van die armste 40 persent van die bevolking nie lede van SAKP of COSATU nie en beskik hulle ook nie oor organisasies wat as pleitbesorgers vir hulle belange kan optree nie. Om verskeie redes kan die ANC nie toelaat dat sy ideologiese ingesteldheid en sy beleidsrigtings deur 'n te hegte alliansie met die SAKP en COSATU gedikteer word nie. Indien dit sou gebeur, dan sou dit beteken dat die ANC as regerende politieke party nie volle politieke verantwoordelikheid vir sy beleidsmaatreëls aanvaar. Dit kan die ANC duur te staan kom by die verkiesing van 1999 en/of die verkiesing van 2004. Dit is belangrik dat die ANC tot die oortuiging gebring sal word dat dit nie in die belang (veral 'n regerende) politieke party is om 'n hegte alliansie met 'n instansie of drukgroep te vorm wat nie onderworpe is aan die dissipline van die stembus nie. Die NP se te noue alliansie met drukgroepe soos die Afrikaanse Kerke en Kultuurorganisasies, met die Broederbond en met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het die NP (én die Suid-Afrikaanse ekonomie) baie skade berokken.

Vir 'n "normalisering" van die magsverhouding in Suid-Afrika is dit van deurslaggewende belang dat die nodige "afstand" tussen die ANC enersyds en die SAKP en COSATU sal ontwikkel. Soos reeds hierbo aangedui, kan daar nie 'n Simbiose tussen die (Swartbeheerde) Staat en die (blankbeheerde) Kapitaal tot stand kom solank 'n te noue verhouding tussen die ANC en COSATU bly voortbestaan nie en solank die verhouding tussen die sakesektor en COSATU nog so gespanne (en selfs so vyandig) is soos dit oënskynlik is nie. Tot tyd en wyl 'n (nuwe) Simbiose tussen Staat en Kapitaal gesmee is en daar redelike eenstemmigheid oor ideologiese aangeleenthede bereik is, is dit onwaarskynlik dat die tweeledige doelstellings van Akkumulasie en Legitimiteit - in sowel die nasionale as internasionale arena - bereik sal word.